

Die Sierduif *The Fancy Pigeon*

Maart 2022

Barnard Steyn

Gebore - 29 September 1932

Oorlede - 16 Februarie 2022



Indeks / Index

Editors Page / Redakteur se blad	2
Redaksioneel / Editorial	2
Oom Barnard Steyn - Pieter Neethling	3
Ter nagedagtenis aan Barnard Steyn - Pierre le Roux	4
Totsiens Oom Barries - Christo Munnik	5
Rolstoel mens - Simon Jordaan	6
Is ek betrokke in my streek - Seppie Esterhuizen	6
The complete guide to pigeons - Simon Jordaan	8
Duiwevoeding - Leendert Snyman	9
Turbit Pigeon breed guide - Simon Jordaan	12
The most famous pigeons of all times - Simon Jordaan	13
Why do pigeons fly in circles- Simon Jordaan	14
Scoreboard and Rules	16

New Members / Nuwe lede

Niekie Els K065
Willem Human B022

Birthdays

J007 - George Bell	-	05-Apr
B019 - Willem Swanepoel	-	05-Apr
G002 - André Bruwer	-	06-Apr
A008 - Rob Lombaard	-	11-Apr
W036 - Mari Wessels	-	13-Apr
B086 - Jacobus Pieterse	-	15-Apr
K054 - G Doubell	-	19-Apr
D021 - Herman Wessels	-	20-Apr
K021 - Cara-Lee vd Berg	-	21-Apr
S014 - Gary Sales	-	21-Apr
W029 - Hendri Botha	-	22-Apr
C025 - Nesley Topham	-	22-Apr
B020 - Chris de Bruin	-	22-Apr
B017 - Nico van Rensburg	-	22-Apr
B037 - Carel Laufs	-	24-Apr
V055 - Jacobus Els	-	25-Apr
V056 - Elzaan Hamman	-	25-Apr
C019 - Ané Raptor Loft	-	26-Apr
C019 - Justen Raptor Loft	-	26-Apr
V058 - Fabiano Bruno	-	27-Apr
K023 - Nikki Koch	-	29-Apr



Voorwoord

Christo Munnik

So vra Cora my om tog asseblief die voorwoord te skryf omdat ek die laaste twee boekies aanmekaar gesit het. Dankie aan Pieter Neethling vir die baie emosionele nagedagtenis aan Oom Barnard Steyn wat onlangs oorlede is.

Ek moet vir Leendert Snyman van Noord Kaap streek dankie sê vir die reeks van drie dele wat hy oor duiwevoeding ingestuur het. Dit is nogal baie goed gedoen.

Dankie ook aan Seppie Esterhuizen vir die baie interessante artikel oor wat jy doen/beteken vir jou streek.

Dan natuurlik weer Cora se ou staatmaker Simon wielietjies Jordaan van Oostelike streek wie al die bydraes wat hy instuur ou Simon sonder jou hulp lyk dit my gaan daar maar min bladsye in die boekie wees. Hy stuur nou wel goed in wat van ander boeke af kom maar dit is baie goeie leesstof.

Julle lede moet asseblief probeer om vir Die Sierduif advertensies te werf ons het baie lanklaas advertensies van buite besighede gehad. Dan sien julle hier onder die kostes vir julle eie hok advertensies dis baie goedkoop en help baie veral om lede aan ander lede en selfs in die buiteland bekend te stel. Asseblief mense help maar as julle kan.

Advertisement costs / Advertensie kostes

Businesses and non SAFPA members

Quarter page/Kwart bladsy - R250 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R450 per year/jaar
 3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R650 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy - R850 per year/jaar

SAFPA members wanting to sell pigeons / SASV lede wat duiwe wil verkoop

Quarter page/Kwart bladsy - R100 per month/maand - Half page/Half bladsy - R200 per month/maand
 3 Quarter page/3 Kwart bladsy - R300 per month/maand - Full Page/Vol bladsy R400 per month/maand

Spes Clubs and members advertising lofts/clubs / Spes klubs en lede wat hokke/klubs adverteer

Quarter page/Kwart bladsy - R100 per year/jaar - Half page/Half bladsy - R200 per year/jaar
 3 Quarter page/3Kwart bladsy - R300 per year/jaar - Full Page/Vol bladsy R400 per year/jaar



Oom Barnard Steyn

Pieter Neethling

Ons kom jou groet, 'n Groot Boom in die Duiwe Bos wat ons verloor, met Baie Jaarringe bymekaar gemaak. 'n Paar maande en Oom was 90.

Die Foto voor in die Kerk, soos ek Oom onthou, 'n Smile wat baie sê. Gelukkig by jou kinders en 'n glasier op gesondheid. Die kettie wat so deel van jou was op elke skou, stout wees was daar altyd n tydjie voor.

Die Orgidië, een van jou gunsteling maak die dag sag soos jou hart.

Almal daar het kom baai sê met 'n groot gemis vir jou. Sag is gepraat met ons wat agter bly... tot ons by die wa kom om finaal te groet met 'n Blom of Blomblare op jou kis.

Dit was vir my swaar, ja swaar, want ek het Oom al 'n tyd voor vandag moes groet, want jy het nie altyd geweet wie ek was en het dan heel beleefd 'n verskoninkie gemaak om my kort te knip. "Jong ons gaan nou Rugby kyk" of "Ons gaan nou eet". Gedink jy was kwaad vir my. Annelise het my vertel dat Oupa nie so mooi kan onthou, demensia of alzheimers. Min het ek hiervan geweet.

Wit Duiwe is uit 'n kis gelos, wat vir my kom sê daar gaan Oom saam. Een het op die dak gaan sit, af gekyk net om seker te maak ons wat agterbly Okay is. Weggevlieg en vir ons baai gesê.

Ek en Oom het baie te kon deel, alle ou vriendskappe waarvan party nie meer daar was nie... Saam kon ons lag oor alles wat ons saam kon deel... Diep gesels oor wat was, dinge van die verlede en die toekoms.

Hy was 'n groot gees in my wêreld. Hy was een van die manne wat my gedruk het en gehelp het om te kon uitpasseer op soveel moonlik rasse. Raad

gegee en gou gehelp as ek sou vashak. My altyd gesê, "Moet net nie jou laat beïnvloed van die kant nie". Volg jou hart en hou jou Blouboek by, as jy twyfel lees jy weer, of jy vra.

Oom Barnard was 'n baie goeie Beoordelaar en het geweet hoe om duiwe te kan teel. Sy laaste duiwe het ek gaan haal op Worcester, Dragoons en Engelse Carriers tot vandag toe nog in my hokke. My geleer om hul te trim sy tools vir my gegee om dit te doen. Sag en akuraat het hy met daai groot hande gewerk en my gewys.



Saam het ons geduif.

Graag het hy geloer as ek kook en uitgevra sal dit moet onthou en dan het die boekie uit die hemp-sak gekom en dit sorgvuldig neergeskryf. Sy Braaispice, soos ons dit geroep het "Oom Barries se spice", was 'n treffer in ons huis, in alles het ons dit gegooi om lekkerder te kan proe. Almal het die spice geken en dit geniet, sorgvuldig was dit voorberei en afgemeet, dit was sy trots.

Eendag het hy 'n blaaitjie uit sy boekie geskeur en vir my gegee

"Dit is net vir jou, My Spice Resep". Ek het nie geweet hoe om dankie te sê hom 'n druk gegee en sy oë was glasier "Ek weet jy waardeer dit, maar ons geheim"

Ons het paaie gekruis, dwars deur die land na skoue toe, links voor was sy plek. Orals het hy my staaltjies vertel van sy en Theuns se omswerwing, betykeer was die kinders en Tannie Anne ook by. Sy duime so gerol en ek kon sien hoe hy verlang... Baie kere moes hy sterk wees en ander kere het ons sommer saam n traal gerol.



Hy was my Duiwe Pa en 'n baie spesiale Oom in ons huis gewees, die seuns het graag aan sy lippe gehang en vrae gevra. Sy duime gerol en "Ek sê maar net" so deur al die stories heen.



Ter nagedagtenis aan Barnard Steyn

Pierre le Roux

My en Barnard se vriendskap het oor die afgelope 43 jaar gestrek. In 1979 is ons Kaapstad toe verplaas. Ek het al my rasse tot niet gemaak en Kings bestel.

Hier in die Kaap het ons tydelike verblyf gehad tot die huis wat ons gekoop het, beskikbaar was. Nog

The Fancy Pigeon

Die Steyn huis by Hextex het altyd oop gestaan, maak nie saak of jy nie net hello wou kom sê, nou is daar gesels en dan sien jy eet ons saam. Vure het altyd hoog gebrand en met geen moeite nie.

Die Steyns het groot dinge vir die Sierduif Wêreld gedoen. Skoue opgeslaan. Kos gemaak. Mooi gemaak met Kaapse blomme. Hartlik almal ontvang met groot blydschap en geselligheid. Ek onthou hoe daar by De Doorns se berg wors gebraai is om die manne te ontvang en natuurlik iets koels vir die keel wat warm kon maak.

Ja Die Steyn Kinders het ons weer ontvang om jou te kon baai sê Oom Barries.

Hanlie sy meisiekind wat vir hom 'n huis was.

Annelise, sy Oupa se pille en bederf kind.

Leandrie sy klein meisiekind, hy was baie lief vir haar.

Sy Manne in sy lewe Barnard en Jaco, sy steunpilare. Vir julle was hy so lief. Trots het hy altyd gesê as jul hom gebel het. "Jong laat ek net gou die span laat weet ons is veilig".

En dan sy God, geen aand het hy gaan lê voor hy nie vir ons of homself voorgelees het uit die Groot Boek en dan Gesels het met sy God nie.

Wat 'n voorreg om jou deel in my lewe te kon hê, Ek mis jou my Oom Barnard Steyn

voor dit gebeur het, was die Kings op pad. Hoe nou gemaak?

Ek weet nie hoe nie, maar ek kom toe by Barnard uit. Hy bied aan om die Kings te huisves tot ons huis beskikbaar is en ek hokke gebou het. In hierdie stadium het Barnard naby Overhex geboer. Na ons ingetrek en die hok gereeds was, het ek die Kings by Barnard gaan haal.

Daar kry ek toe nog 'n paar present. Die duiwe se nageslag het baie goed vir my geskou totdat ek in 1992 Kings uit die VSA ingevoer het.

In 2000 gaan ons vir die tweede maal Duitsland toe en bekom ek 'n hele paar rasse, onder andere Lahores vir die Steyns. Theuns en Hanlie se dogter, Leandri, het met hulle geteel en geskou. Barnard en Ann het toe by Theuns by Hextex gewoon. Le-

Die Sierduif

andri, Barnard se enigste kleinkind, was sy hart se punt. Net voor sy afsterwe, het hy oupagrootjie geword met die geboorte van Leah.

In 1979 het ek en Theuns begin praat oor die lewensvatbaarheid van Boland en WP, en die proses aan die gang gesit om die streke saam te snoer en die Wes-Kaap te vorm. Hier het ons baie teenkanting ondervind van Barnard, want Boland, waarvan hy een van die stigterslede was, het hom baie na aan die hart gelê. Na ons hom oortuig het, het die Wes-Kaap in 1997 tot stand gekom.

Ek weet nie hoe nie, maar Barnard was altyd van die eerstes om van 'n SASV – lid se afsterwe te weet. As my foon so tussen ses en sewe gelui het en dit was Barnard, dan het ek geweet ons het 'n

lid verloor.

Barnard was 'n uitstaande beoordelaar. Voor skoue wou hy presies weet watter rasse hy moet beoordeel sodat hy hom van die standaard kon vergewis. Baie lede het hom as hul mentor beskryf soos blyk uit die boodskappe van medelye..

Sy kinders het hom as 'n wonderlike pa, oupa en oupagrootjie beskryf. Hy het altyd 'n goeie humorsin gehad. Wie sal sy kettie vergeet. Sy hande het vir niks verkeerd gestaan nie, sy glimlag was soos sonstrale en sy hart was van goud. Hy het geglo daar was vir almal 'n plekkie in die son.

Ons gun jou die rus, Barrie, maar ons sal jou versker mis.



Totsiens Oom Barries

Christo Munnik

Ja, wat sê mens regtig as jy 'n ou vriend moet groet wat na sy ewige tuiste toe vertrek het. Persoonlik kon ek hom nie groet nie maar ek het wonderlike herinneringe van Oom Barnard Steyn.

Ek en Cora ken Oom Barries seker al van 1977/78 af waar ons mekaar altyd raakgeloop het tydens SA Kampioenskapskoue regoor die land. Nooit regtig daardietyd goeie vriende gewees nie maar slegs kennisse en geweet die Oom is een van die beoordelaars wat die top rasse moes beoordeel vir beste duif op skou, Groot agting vir daardie ooms gehad in daardie dae.

Soos die tyd aangestap het is ons Noord Vrystaat Streek toe en het ons weereens baie betrokke geraak by die streek se aktiwiteite en ook in beoordeling. Hier het ek die voorreg gehad om baie maal, ten minste een maal per jaar in die Kaap duive beoordeel saam met wyle Wynand Wessels en die twee oorlede de Lange neefs Ben en Basjan. Dan was dit altyd in die geselskap van Oom Barries en sy seun wyle Theuns Steyn.

Altyd vol grappies en streke was Oom Barries gewees en as hy sy kettie waarmee hy wragtie raak kon skiet uithaal moet jy nie naby wees nie want hy mis nie met daai kettie nie. My baie vertel hoe hy kompetisie geskiet het met die kettie.

Oom Barries was 'n mens mens wat altyd iets goeds oor ander te sê gehad het so ek het soos Pieter Neethling sê aan sy lippe gehang en geluister wat hy te sê het, veral as dit gegaan het oor duive en oor beoordeling van duive. Hy en wyle Wynand Wessels was die rede dat ek naderhand 75 beoordelaars sertifikate verwerf het my altyd gedruk om weer te toets as ek in die Kaap is.

Wat my altyd opgeval het was dat hy altyd na my gesoek het op die SA's net om te groet of uit te trap

Suid-Afrikaanse Homer Klub



*President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800*

*Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483*

April 2022



oor ek dan laat is en ek darem so 'n paar brandewyntjies nou agter is. Later jare was dit selfs swaar gewees om totsiens te sê as die skou verby is en ons nooit geweet het of ons mekaar weer volgende jaar sal kan sien nie. Hy het altyd met trane in die oë gegroet en terug gegaan Kaap toe.

Ek onthou toe ons saam in Port Elizabeth was met 'n streekskou besig om te beoordeel het Oom Barries verneem dat sy vrou Tannie Anne oorlede is. Oom Barries het vir so 'n rukkie sit en huil met almal om hom vir vertroosting en toe opgestaan en eers die beoordeling klaargemaak wat hy mee be-

sig was en vertrek huis toe.

Ek het baie goeie stories oor die Steyns waarvan Hanlie sy skoondogter die sterkste was want sy moes die huishouding altyd aan die gang hou wanneer ons klomp daar oorgebly het.

Oom Barries ek gaan jou beslis mis dit was 'n eer om jou te kon ken altyd 'n lekkergoedjie of stukkie biltong in die wit jas se sak gehad om met almal te deel. Rus sag my oom jy verdien dit om by jou Hemelse Vader te wees.



Rolstoel mens deur Simon Jordaan

*Dit is swaar om die pad te loop
Dit is sonder hoop
Waar ook ek gaan
Kyk mense my aan
Ek wens julle wil verstaan*

*Ek het ook 'n weg om te baan
En wat hier binne in my aangaan
Sal julle nie weet wat dit my kos
Om my van julle kyke te verlos*

*Eensaamheid was my grootste vrees
Dit nou deel van my menswees
Dis vir julle wat ek vrees
Want julle kan gemeen wees*

*So ek probeer julle liefers vermy
Al is julle belangrik vir my
Ek is hier met 'n doel
En al is ek in 'n rolstoel*

*Ek is 'n mens net soos julle,
En het al baie deur julle seergekry
En vinnig geleer
Om my emosies te beheer*

*Maar ek moet beleï
Ek is beter af as julle, nie in vlees maar in gees
Ek weet waar ek met julle staan
Maar weet julle waarheen julle gaan?*



Is ek betrokke in my streek

Seppie Esterhuysen

Moenie dink as jy 'n passie vir die geveerdes het dit sommer oornag sal verdwyn nie, dit bly daar tot lank na aftrede. Vra gerus die wat alreeds daar is.

Of jy met die passie gebore word weet ek nie, maar my passie vir duiwe het reeds vroeg in my laerskooljare begin en dit wil nie ophou nie!!!!

Hierdie belangstelling wil jy met ander deel of saampraat of gesels. Die gevolg is dat jy later deel raak van 'n groep waar jy die gemeenskaplike belangstelling kan deel. Hierdie deelword van 'n groep kan op 'n informele of formele basis geskied.

Die informele groep is waar jy byvoorbeeld deel van 'n "whatsapp-groep" word met min of geen formele strukture. Hier word kennis en inligting gedeel en uitgeruil, party verlaat die groep, nuwes kom by,

die getalle verander gedurig oor tyd. Met die formele groep is daar baie meer gevestigde strukture. As gevolg van die demografie kan groepe besluit om byvoorbeeld sekere gebiede by mekaar te groepeer en so kan streke gevorm word.

Die huidige SASV is 'n baie mooi voorbeeld van so 'n formele groep met 9 streke, regoor die hele land. Daar is enkeles wat verkies om nie lid van sy demografiese streek te wees nie, natuurlik vir sekere redes. Om 'n voornemende lid te oortuig om by jou streek aan te sluit, moet daar tog voordele wees, dit geld ook vir die bestaande lede!! Kom ons lys 'n klompie voordele:

Daar word 'n bestuur verkies wat die aktiwiteite van die streek koördineer. Daar is ook 'n grondwet wat streke help om reg te funksioneer. Hoe meer betrokke die lede is hoe meer doeltreffend sal die streek funksioneer. Hierdie aktiwiteite sluit die volgende in: 'n streekskou elke jaar, duiwedae, inligtingsdae, jongduifdae, uitstallings by skole, winkelsentrums of by Landbouskoue. Weereens, hoe meer die lede betrokke is hoe meer aktiwiteite is daar.

Elke jaar word die SA's aangebied deur 'n spesifieke streek, die room van die sierduiwe word hier ten toon gestel. Elke lid kan ringe koop, ontvang maandeliks 'n nuubrief, Die Sierduif. Elke streek beskik oor toerusting soos skouhokkies, kos- en waterbakkies, tafels of opslaanblaaie, loophokke, vloerbedekkings, sommige streke het eetgerei wat gebruik word vir skoue. Die SASV beskik oor 'n skouprogram wat gebruik word vir inskrywings tydens skoue asook 'n skoukatalogus en gekwalifiseerde beoordelaars. Lede wat presteer ten opsigte van administrasie, teling en beoordeling ontvang erkleure.

Om deel van dit alles te wees moet jy jaarliks jou ledegeld betaal. Hiervoor ontvang jy al die voordele. Dit is nie al inset wat van jou gevra word nie, dit is nie verpligtend nie, maar daarsonder sal stre-

ke kwyn en dit is **BETROKKENHEID!!!!** As streke lede het wat nie betrokke is nie kan hy maar sy deure sluit. Netso as slegs 'n handjievol probeer om alles te doen, brand die toegewydes later uit en die streek ly daaronder.

So baie vra, maar wat kan ek doen, ek is nie voorsitterkwaliteit, nie rekenaarvaardig, fisiek nie instaat om fisiese take te doen tydens die skou nie. Glo my, daar is iets vir elkeen. Een van die grootste en belangrikste aktiwiteite van 'n streek is sy streekskou. Die meeste streke beskik nie oor genoeg finansies nie, so enige poging om fondse te in, **MOET** ondersteun word. Insette deur lede soos om te help om donasies te kry, skenk iets of kry iets en help verkoop looitjies, help met die opslaan en afslaan van die skou, wees betrokke by die administrasie van die skou, hier is genoeg take om daar 'n inset te maak.

Tree op as 'n steward, neem besoekers deur die saal en verskaf inligting, soveel hande word benodig met die kosreëlings, neem verantwoordelikheid en kyk dat die kos- en waterbakkies vol en skoon is of kyk dat dit gedoen word. Netso bied aan om toe te sien dat die saal skoon bly. Met elke skou word foto's benodig, gewoonlik is die kwaliteit nie op standaard nie, doen dit self of kry iemand om dit te doen. Daar is altyd versoeke om iets te skryf vir die nuusbrieff, **doen dit!!!**

Opgradering van die skouhokkies is baie belangrik, reël 'n geleentheid om dit te doen. By baie skoue sien jy dieselfde lede jaar na jaar wat die take verrig, wie vat voor as hulle aftree? Daar is dus geen verskoning deur 'n lid om nie betrokke in sy streek te wees nie. Hoe meer hande betrokke hoe meer gesellig!!!

Elke lid moet hom of haarself afvra wat hy of sy na die tafel toe bring om sy streek uit te bou. Om slegs jou ledegeld te betaal en te gaan skou is nie genoeg nie, jy sal meer van jouself **MOET** gee.

Birmingham Roller Vertoners Klub




President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

April 2022





The Complete Guide To Pigeons (Columbidae)

Taken from the pigeon farm

Submitted by Simon Jordaan

Part 1

Pigeons (otherwise known as the rock dove) are a common, sturdy type of bird famously known for living alongside humans in cities and other urban areas.

Latin Name Columbia Livia

Also Known As

Pigeon, rock pigeon, rock dove, dove, domestic pigeon, feral pigeon, Columbidae.

Family

Columbidae

Types

There are over 350 different varieties of pigeon

Originate from

Southern Europe, North Africa, Asia

Where can you find them

Pigeons are one of the most populous birds in the world with an estimated 500 million+ globally, you can find them everywhere where humans are. The only places you don't find pigeons are in extreme climates such as the Sahara desert, the Arctic and Antarctica.

In this guide, we discuss some of the essential parts of raising and keeping a pigeon.

We review some basic pigeon facts, which include their anatomy, physical characteristics, social behaviors, interaction with humans, and navigation abilities.

The Columbidae Family

Here's a fun fact about common city pigeons: they actually belong to the Columbidae family of birds, which includes quail doves, New World ground doves, Old World wood pigeons, and fruit doves.

This clues us in on a lesser-known tidbit about these urban-dwelling avians: pigeons are actually doves and vice versa.

That said, domestic white doves generally enjoy a more positive public image than rock pigeons, even though they differ only in color.

The modern city pigeon population is actually de-

scended from a range of domesticated birds within the Columbidae family, most of them traceable to Old World rock pigeons.

Today, these diverse bird populations have habitats all over the world, from cliffs and major cities to artificial dwellings made by a few devoted pigeon fanciers.

Anatomy And Physical Characteristics

Because pigeons belong to a family of over 344 species of birds, their physical characteristics tend to manifest across a range of shapes, sizes, and colors.

Generally speaking, pigeons can measure anywhere from 15 to 75 centimeters and weigh between 30g and 2000g (4.4lbs)!

The largest member of the pigeon family is the crowned pigeon of New Guinea, which rivals some turkeys in size. On the other hand, the smallest pigeon is the dwarf fruit dove, which measures roughly 5.1 inches with varying weight.

Feathers And Plumage

Pigeons have unique feathers characterized by a broad midsection, followed by an abrupt tapering toward the feather's edge. This construction is consistent throughout most pigeons' throat feathers and neck feathers. Pigeon tail feathers may have an aftershaft or the appearance of a second, smaller feather branching off from the main shaft.

Flight

Rock pigeons, doves, and other members of the Columbidae family are considered excellent fliers because of their large wings, which allow them to take flight much faster than other types of birds. That means their broad, mighty wings are also an excellent survival tool.

Generally speaking, most species of pigeons can fly at an average speed of 77.6mph, with some sources recording speeds of 92.5 mph. Given their speed, it's no wonder that these gregarious birds can make trips of 600 to 700 miles in a single day!

Social Behavior

A typical pigeon is highly social, and many of their preferred habitats nest a large group or flock. Pigeons are extremely intelligent and will "imprint" upon their nest at around six months – which they, alongside their flock, will continue to return to for the rest of their lives despite the distance.

Because flocks of pigeons tend to stay together as a group and mate for life, food is the main determining factor of whether a pigeon will reproduce with others. If their chosen habitats provide a steady source of food for these socially-inclined birds, female pigeons will lay two eggs up to six times a year!

This can be quite troublesome in cities and residential areas because feral pigeons tend to stubbornly build their nests on ledges, roofs, and trees.

Life With Humans

Various pigeon species are found in all corners of the world, and many of them have a long history of living alongside humans.

From ancient human civilizations to the modern coast guard, these birds have served as messengers, pets, and status symbols throughout time. For example, the domestic pigeon saw lots of action in WWI by carrying messages between army camps – sometimes saving hundreds of lives in the process.

Pigeons in recent times live more peaceful lives.

Domestic pigeons are often kept as household pets or bred for competition and aesthetics.

Navigation Ability

If there's anything these birds are known for (besides inhabiting large cities), it's their inherent navigational capacity. Pigeons have been used to carry messages throughout history – this would have been impossible without their incredible sense of direction. But what does science say about this extraordinarily intelligent bird?

An older study suggests that every pigeon has the supernatural ability to detect the earth's magnetic waves, while others cite the sun as the secret to their navigational prowess. However, the answer is actually quite complicated.

Years of scientific study haven't identified one specific thing that allows a typical pigeon to navigate long distances. Rather, science seems to think it's a combination of a pigeon's sense of smell, visual recognition of terrain, internal "magnetic" compass, and intuitive understanding of its environment.

The Pigeon Farm



Duiwevoeding

Leendert Snyman

Inleidend tot voeding van duiwe.

Ons almal het al gewonder wat om jou duiwe te voer. Gee ek my duiwe die regte kos? Gee ek hulle te veel of te min kos? Dit is vrae wat deur almal se gedagtes gaan van tyd tot tyd. Daar is soveel mengsels en resepte beskikbaar. Die kort en die lank is dat daar geen resep is wat op alle duiwe, rasse, omstandighede of hokke van toepassing is nie. Elke duifras het ander eetgewoontes en liggaamsbehoefte. Vergelyk 'n Portugeuse tuimelaar (klein) met 'n Modena (groot) of 'n Sierduif met 'n Vliegduif. Die klein duifie se inname en onderhoudsbehoefte per liggaamsmassa is baie minder as die groot duif en selekteer ook baie kleiner sade as die groot duif bloot omdat hy fisies nie sulke groot sade kan eet nie. Die kleiner ras

gebruik minder energie as die groot ras om te vlieg omdat 'n groot duif harder moet werk om in die lug te bly. Aan die anderkant is die Modena weer meer rustend as die tuimelaar en benodig die Modena weer minder energie.

Dit beteken dat daar 'n balans moet wees tussen onderhoud- en energiebehoefte ten opsigte van liggaamsmassa en -aktiwiteit. 'n Sierduif sit weer in 'n hok, kan dalk van tyd tot tyd uitgelaat word teenoor daardie vliegduif wat lang afstande teen spoed moet aflê. Die vliegduif se energiebehoefte is dus aansienlik hoër as die sierduif wat rustend is en die vliegduif is aangewese op gestoorde energie waar die sierduif kan weegkom met die kos wat hy vandag eet. Dit is net ter verduideliking dat voedingsbehoefte en kosmengsels verskil van ras tot ras en van hok tot hok.

Daar is min inligting beskikbaar oor die voedings- en nutriëntbehoefte van duiwe, veral ten opsigte van sierduiwe. Die meeste inligting handel oor vliegduiwe, maar die basiese beginsels van vertering en voeding bly dieselfde, behalwe dat vliegduiwe se energiebehoefte hoër is. Ek gaan poog om 'n opsomming te maak ('n reeks artikels) oor die inligting beskikbaar vir die voer van duiwe en ons sal ook baie aannames hieruit moet maak.

In hierdie artikel gaan ons vinnig kyk na die spysverteringstelsel, dit is waar voeding begin. Die gewone duiwekos, bestaande uit sade en grane, bestaan uit koolhidrate, vette, proteïene, minerale en vitamïnes. Hierdie nutriënte moet eers gereed gemaak word (deur vertering) om geabsorbeer te word en deur die bloed na verskeie dele van die liggaam vervoer te word om daar verskeie funksies te verrig.

Prosedure van vertering:

Kom ons kyk wat gebeur met die kos geëet en die proses van vertering van hierdie sade en grane en die organe betrokke by die vertering in die duif se spysverteringstelsel.

Tong:

Die tong is lank en small met smaakpupille aan die bokant. Die duif selekteer nie op smaak nie, maar met sy oë. Die duif is instaat om te diskrimineer teen sade wat van swak kwaliteit is bloot op visie. Die tong is breër by die basis en lê op die vloer van die mond (mondholte). Sade en grane wat deur die snawel opgetel word en met `n lagie spoeg bedek word, word deur die tong in die slukderm gedruk met `n die sluk-aksie. Die kos beweeg dan deur die slukderm na die krop.

Krop:

Die krop het `n mindere belang by vertering. Wanneer die sade in die krop kom word dit geweek in water wat dan die sade sag laat word sodat dit makliker fyn gemaal kan word in die spiermaag. Daarom is toegang tot skoon water baie belangrik vir ten minste `n uur na die duif geëet het. Dit is daarom nie wys om vliegduiwe te voer direk voor jy hulle mandjie nie.

Die hooffunksie van die krop is om kropmelk te produseer wat dan aan nuut uitgebroeide kuikens gevoer word. Die selle van die binne-sellaag van die krop by beide manlike en vroulike ouers, begin met die aanvang van die broeiproses, vinnig verdeel. Die tempo van verdeling en vermeerdering van hierdie selle neem drasties toe in die laaste 7 dae voor die eiers uitbroei. Hierdie selle word dan gevul deur vet, breek af en gee dan die kaasagtige voorkoms naamlik kropmelk. Die kropmelk bestaan uit 1/3 vaste stowwe en 2/3 water. Die kropmelk op vastestofbasis bestaan uit 60% proteïen, 32-36% vet, 1-3% koolhidrate en dan minerale soos kalsium, fosfor, natrium en kalium. Die kuikens is vir die eerste 7 dae afhanklik van kropmelk waarna die ouers begin sade voer. Verder oor kropmelk in

latere artikels.

Proventrikulus (Kliermaag) en Ventrikulus (Spiermaag)

Vanaf die krop gaan die geweekte sade en grane na die proventrikulus. Hier word verteringsappe afgeskei (hoofsaaklik soutsuur en pepsien) wat dan help met vertering. Die proventrikulus is swak ontwikkel by saadeters soos duiwe en speel nie `n baie groot rol by fisiese vertering nie. Van die proventrikulus gaan die sade en grane wat nou al sag is en al deur die soutsuur en pepsien verteerbaar gemaak is na die ventrikulus (ook bekend as die Gizzard of spiermaag). Die spiermaag bestaan uit `n harde, dik spieragtige wand wat help met die maalproses van die sade en grane tot `n pasta. Die spiermaag trek 2 tot 3 keer per minuut saam om die maalproses uit te maak.

Dit is ook hier waar die werking van grit inkom. Die spiermaag gebruik grit (bestaande uit klein skerp klippies of skulpdoppies) om te help met die maalproses van die sade en grane. Daarom moet daar ten alle tye grit aan jou duiwe beskikbaar wees. Wanneer die skerp klippies of skulpdoppe glad raak, word dit in die mis uitgeskei. Grit dien ook as `n kalsiumbron aan duiwe. Die hoë suurinhoud van die maagsappe maak hierdie kalsium beskikbaar maar die kalsium kan slegs gedeeltelik geabsorbeer word. Oesterskulpgruis het `n hoër kalsium-absorbeerbaarheid en word deur die meeste duiweboere gebruik.

Duodenum en Pankreas

Vanaf die spiermaag beweeg die fyn gemaalde kos in die eerste deel van die dunderm in naamlik die duodenum. Hier word verdere verteringsappe afgeskei. Verteringsappe hier is afkomstig vanaf die pankreas en die lewer. Die middelste deel van die dunderm staan bekend as die jejunum en die agterste gekronkelde deel die ileum. Die pankreas en die dunderm gee ensieme af wat verantwoordelik is vir die vertering van proteïene, vette en koolhidrate na amunSURE, gliserol en vetsure, en monosakariëdes onderskeidelik.

Die lewer voorsien galsoute wat help met die vertering en absorpsie van vette. Die hele dunderm se wand is uitgevoer met klein vingeragtige uitgroeiels (villi) wat die oppervlakarea van die dunderm aansienlik vergroot en is verantwoordelik vir die absorpsie van die verteerde nutriënte uit die dunderm na die bloed. Dus, vertering en absorpsie van nutriënt vind plaas in die dunderm. Die dikderm is baie kort en volg op die ileum. Die dikderm open

in die rektum waar die oorblywende water uit die onverteerde kos geabsorbeer word. Die droër mis word dan deur die kloaak uitgeskei.

Dit net 'n vinnige oorsig van wat waar gebeur in die spysvertering kanaal van n duif.

Artikels wat sal volg, sal handel oor:

1. Voedings elemente

Proteïen
Koolhidrate


Vitamiene
Minerale


2. Voedingstadiums

Voor Paring
Broei
Kuikens
Afseisoen

3. Verskillende grane en hulle samestelling

Duiwegroete
Leendert Snyman





Turbit Pigeon Breed Guide

Taken from *The Pigeon*

Submitted by *Simon Jordaan*



The Turbit is a breed of fancy pigeon known for its short beak, peaked crest, and frilled breast. It is sometimes known by other names including the Cravate Turbit, the Turbitmovchen, and the Turbitto. There are also variations of the breed – the Old Dutch Turbit and the Oriental Turbit.

The name of the bird derives from the word 'turbo', which has the original Latin meaning of 'spinning top'. The bird is mainly bred for show purposes but they are also excellent flyers.

Origins of the Turbit Pigeon

The Turbit pigeon in its current standard form is believed to have been developed in the United Kingdom. The general consensus is that the Turbit is a result of the cross mating between various breeds of Anatolian Owl and Show Antwerp.

Specific dates have not been pinned down but the consensus is that the Turbit has been around since the 17th or 18th century. Known references are by Willubhy in 1679 and Moore in 1785. It was once a hugely popular breed and is the subject of a book, *The Turbit Pigeon* by Reverend FW Lumley, written in 1894.

Distribution And Habitat of the Turbit Pigeon

Being first and foremost a kind of domestic fancy pigeon, there is little to say about any natural habitat a Turbit might prefer. Generations of domesticity in various countries across the world, primarily in Europe, have seen the breed become very comfortable and adaptable to the traditional kinds of fancy pigeon setups in the homes of dedicated and expert breeders and fanciers.

The largest concentration of Turbits can be found across mainland Europe and in the United Kingdom, but there is still a healthy but smaller population among the bird fanciers in places like the United States where there is a national Turbit Pigeon Club. Australia also has an Owl, Frill, and Turbit Club.

Turbit Pigeon Appearance

The Turbit is a small to medium-sized bird that has a very compact body.

Turbit

- Wingspan - 60 – 70 cm
- Length - 28 – 32 cm
- Weight - 225 – 290 g
- Colouring - White with coloured wings


Average Feral Pigeon

- Wingspan - 64 – 72 cm



South African Rare Breeds Club Suid-Afrikaanse Skaarsras Klub Established *** 1988 *** Gestig

We endeavour to enhance the following rare breeds
Ons bevorder die volgende skaarsrasse



Arabian Trumpetter, Carneau, Cauchois, Crested Soutz, Damascene, Danish Saubian, Danzig High Flyer, Domestic Flying Flight, Domestic Show Flight, Dutch Capuchine, Dutch Highflyer, Fairy Swallow, Full Head Swallow, Maltese, Indian Fantail, Jacobin, Memeler Highflyer, Muffed Ice Pigeon, Cleanlegged Ice Pigeon, Nuremburg Lark, Ptarmigan, Silician Swallow, Skoorsteenveër, Starling, Stargard Shaker, Steinheimer Bagdad

For more information - Contact - Vir meer Inligting kontak
President: Hennie Hattingh Tel: 034 995 1020 Cell: 082 923 3910
Sekretaris: At van Jaarsveld - Tel: 013 245 1700 of Cell: 082 368 1214

April 2022

Length - 32 – 37 cm
Weight - 300 – 500 g
Colouring - Bluish grey with some black

The turbit boasts an erect but graceful carriage and can be easily distinguished thanks to its short beak, peaked crest, and flamboyant frill of feathers on the breast just below the neck. The body of a Turbit is most commonly white in colour with coloured wings.

It has a relatively large head in comparison to the rest of its body. The turbit head was the subject of much debate and experimentation in the breeding stages until the ideal was settled upon.

Its neck is broad and very slightly arched, and it has large, prominent eyes that have white ceres to match the most common colouring.

The legs are of medium size and are almost always red in colour.

Though white is the most common colour, turbits can also be black, blue, red, dun, yellow, silver, cream and mealy. Purists will always aim for white.

Smaller than your average common pigeon, generally, a mature Turbit pigeon will weigh between 220 and 290 grams.

Character of Turbit Pigeons

The Turbit is known for having a very pleasant and steady temperament, and this makes them an ideal choice of bird for show purposes.

They are excellent flyers, and this suggests an intelligence that some other birds of their size and breeding don't necessarily have.

Turbits are good for raising as pets and are equally

as good in the role of a first bird breed for anyone thinking about getting into the world of pigeon fancying.

Turbit Pigeon Diet

The diet of a Turbit pigeon is pretty much the standard of what a pigeon eats. Their main food will be a mix of seeds, grains, cereals and nuts that the owner will either buy or mix themselves. They might be given the occasional treats of banana or popcorn.

Owners who enter their birds in flying exhibitions may use pigeon conditioner to get them into peak shape. The birds also need a constant supply of fresh water.

Mating And Breeding Turbit Pigeons


Mating and breeding is very much dictated and controlled by individual owners. Couples are chosen for specific ideal traits that they might have including colouring, size, temperament, and overall health. This is to ensure that their next generation of Turbits continues to boast the qualities that are seen as being the standard for the breed.

Caring for Turbit Pigeons

There are no special requirements when it comes to caring for a Turbit pigeon. They can thrive in the same kinds of traditional conditions and habitats that most other fancy pigeons enjoy.

Being excellent flyers, you do want to make sure that the birds have access to the outdoors, combined with a clean loft that is well maintained.

They are known for being very low maintenance birds, but that doesn't mean that you can take your eye off the ball in terms of providing a Turbit with everything that it needs including a clean living environment, plenty of space a nice full bird feeder and water bowls.



The Most Famous Pigeons of All Time

Taken from the Pigeon Farm

Submitted by Simon Jordaan

Mankind's relationship with pigeons stretches back into ancient history. The pigeon as a symbol, has, through different ages and cultures, become a universal symbol of peace and love. In many cultures, it became to rep-


resent the divine. In the Christian religion it has been depicted as the representation of the Holy Spirit.

So, it is no surprise that some pigeons or representations of them in one form or another, have become famous. They have popped up in real life, art, and fiction.

War Hero Pigeons and The Dickin Medal Part 1

In times past messenger or carrier pigeons were used for fast, long-distance communication. Inevitably, they were also used when countries went to war.

The Dickin Medal was proposed by Maria Dickin in 1943



to honour the bravery and courage of our animal friends in Britain.

It is now known as the animal equivalent of the Victoria Cross, which is awarded to men and women for great valour. Traditionally, the award is presented by the Lord Mayor of London. Some of histories most famous pigeons have been recipients of the Dickin medal.

1. Cher Ami

In 1918, during the First World War, a French military pigeon called Cher Ami was the first to be publicly honoured for its war effort. In October of that year the 77th Infantry Division was cut off and surrounded by German troops. Unable to breakout, the commander made repeated attempts to appraise his headquarters of the situation, but every messenger bird he sent was either wounded or killed.

Cher Ami was the last messenger remaining bird he had. Although also wounded twice, once in the chest and once in the leg, which was almost shot off and carried the message tube, the valiant bird delivered the message. A rescue mission was mounted and the soldiers of the 77th were saved from being either captured or killed.

The authorities recognised Cher Ami's bravery by awarding her the French Croix de Guerre with Palm, which honours heroic service. Sadly, Cher Ami couldn't recover from her wounds and died the next year.

2. Winkie

Winkie is said to be the first carrier pigeon to receive the Dickin Medal for his life saving efforts during the Second World War. In 1942 a British bomber was shot down over the North Sea. Although the crew were alive, they were stranded in a dinghy and in danger of dying of exposure. They tied a message capsule to Winkie's leg with their approximate coordinates and he flew 129 miles to the Scottish coast. A rescue boat was sent, and the crew survived.

3. Kenley Lass

Kenley Lass received the medal in 1945 for her wartime efforts. She was parachuted into Occupied France with an Allied agent in 1940. She was the first messenger bird to successfully communicate between the French Resistance and Allied Headquarters in Britain.

4. Mary


Mary also received the Dickin Medal of Honour. She endured five years of wartime service, flying dangerous missions to deliver vital messages. Amazingly, she survived being wounded a total of twenty-two times! Sadly, she died in service. Mary was laid to rest in Northernhay Gardens in Exeter, where she was born and raised.

5. GI Joe

In Italy, 1943, during the Second World War, British troops were ordered to take the town of Colvi Vecchia. The German forces were well dug in and showing strong resistance. Believing that the British forces couldn't oust the German troops the United States Command decided to flatten the town with an aerial bombardment, but they were wrong.

The British troops had already occupied the town. Due to bad communication, a messenger bird, GI Joe, was sent off. This bird flew 20 miles in 20 twenty minutes to deliver its message. It got there just in time, as aircraft were taxing on the runway, ready to start the air raid. The raid was called off and a fatal mistake was averted.

GI. Joe's flight saved the lives of not only the British troops, but an untold number of civilians that were still in the town. GI. Joe also won the Dickin Medal.



Why do Pigeons fly in circles?

Taken from The Pigeon

Submitted by Simon Jordaan

Pigeons fly in circles to work out where they are and to get themselves orientated.

Pigeons can detect the electronic pulses from the earth's magnetic field, flying in circles allows them to use these pulses to get themselves orientated and work out which way home is.

Pigeons also have a keen sense of smell, circling gives them time to take in the scents which they can also use to help themselves get orientated.

1. Orientation

Pigeons are known for having great memories. They can learn to recognise objects and people. Apparently, this isn't just a learned response, but an innate ability that pigeons have.

Pigeons circle to imprint their area of departure on their minds. They are mapping the area, with all its salient landmarks and important points for them. Any journey in which there is a return, you have to recognise your start point to know when you have arrived back home.

A pigeon may have been born and bred in that particular place, but that doesn't mean that changes haven't taken place. The circling is probably a cautionary custom, not only to fix the familiar in their minds but also to note any changes in the surrounding landscapes. Inner-city pigeons will face the different contours that a growing and changing city will throw up because of construction.

2. Magnetic Fields

Magnetic fields are a scientifically proven phenomenon. They exist and it is said that pigeons can sense and use these fields as guidance in

navigation. Apparently, the earth is made up of a patchwork of these fields, which emanate from the earth's core.

Magnetic fields send out electronic pulses that humans can't sense, but animals, such as pigeons can. None of these pulses are the same, so the circling behavior may also be used to reinforce the magnetic frequency of their home ground. Over distance pigeons will cross different fields and mark their differences.

3. Sense of Smell

The earth is layered or capped with soil, clay, stone and flora. None of these is uniform and all have different components. Because of this, the earth gives off different kinds of odours in different areas. Differences such as latitude or moisture, types of vegetation or the lack of it, high or low elevations will also change the odors coming off the earth. Once again, these odours are too subtle for humans to notice, but animals, particularly pigeons can detect them. Pigeons will circle to ingrain the odors of their start point on their memories before taking flight.



Beste Frillback 2006 SA's in Stella



Rooi Grizzle Frillback geteel deur Johan Nel



Geel Grizzle Frillback geteel deur Johan Nel



Bruin Frillback geteel deur wyle Julian Fincham

Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

Rules

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.

Important information

Order from the National Ringmaster:

1. Book of Standards R250 each
2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each
3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each
4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each
5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each
6. Metal Member & Judges scrolls R50 each
7. National pocket badges (Green) R70 each
8. National Honour scrolls (Green) R30 each
9. National Ties (Green) R120 each

All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage

Kies eerder om op te tree as om uit te stel.

Moenie kyk waar jy val nie, maar waar jy gegly het.

Reëls

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.

9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.
NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.

Score board

Bank OFS Shield

1. North-of-the-Vaal: 2584

Manie Fourie Trophy

1. Northern Freestate: 2300
2. Northern Cape: 1700
3. Eastern Region: 1500
4. Eastern Province: 1050
5. KwaZulu-Natal: 700
6. Western Transvaal: 696
7. SW Districts: 631
8. Western Cape: 300
9. Freestate 50

Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls bo-aan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.

Bertie Wessels Trophy

1.

Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9

Die Here is my LIG